# Vaal weekblad

R5,80 | 24 Oktober - 26 Oktober 2018 | Tel. (016) 950-7000 | http://www.vaalweekblad.com



RIVERSIDE
mica
we've got everything you need!


## Shell-kruising:

# Pa van drie verkool, nog 'n man sterf later




Mnr. Hennie Burger (69), is in 'n kritieke toestand uit die Nissan bakkie gehaal, maar het later in die Unie-hospitaal in Alberton aan sy beserings beswyk. Berig bl. 3 Foto: ER24



Wyle mnr. Jan Oosthuizen (33) saam met sy vrou Anneke, hul seuntjie Adriaan (1) en dogters Bernice (7) en Dané (4). Foto: Facebook

# Moord op Hansie laat stukkende lewens agter - bl. 2


CONTINENTAL
•FRESH MEAT•

TEL: 016 422 3212 EMAIL: info@cfmw.biz
ADDRESS: 17 Kariba Str Powerville Vereeniging

A-grd Rump @ R99.95/kg
Chicken Thighs @ R33.95/kg
Boerewors @ R69.95/kg
Beef Mince @ R65.95/kg
Chicken Leg Quarters (5kg Box) @ R33.95/kg
Bulk C-grd Stew (10kg Pack) @ R49.95/kg

Vaalweekblad

Are you looking for a job, a friend or a lover? SMS your request to 45534 and buy your *Vaalweekblad* every Wednesday at R5-80 to see your SMS. *Vaalweekblad* is a bilingual newspaper that keeps you updated about all interesting happenings in the Vaal and surrounds; political news, medical issues, sport and much more! Join our thousands of happy readers. Visit the Facebook page and website www.vaalweekblad.com

For the latest breaking news, job opportunities and much more, visit www.sedibengster.com or www.vaalweekblad.com

# Moord op Hansie laat stukkende harte agter

Retha Fitchat

SASOLBURG. - Maandag se hartroerende troosdiens by Kompas-gemeente na die moord op Hansie Botha (26) in 'n huisroof, het familie en vriende sekerlik gehelp om hul eerste tree op die lang pad na berusting te gee, maar nou is dit die taak van die drie geliefde "meisies" in sy lewe - ma Magda Bronkhorst, suster Rada Mari en sy meisie Marikie Prinsloo - om sonder hul breëskouer-staatmaker verder te gaan.

Hansie, wat as proseskontroleerder by Karbochem gewerk het, is vroeg Woensdagoggend in die huis wat hy vir hom, sy ma en suster in Soetdoringstraat, Sasolburg gehuur het, deur rowers vermoor.

Mev. Bronkhorst en Rada Mari, wat saam met hul honde, Kaptein ('n boerboel) en Night ('n labrador), in een kamer geslaap het, het omstreeks 02:45 van die honde se geblaf en 'n lig wat aangeskakel is, wakker geskrik. Die rowers, van wie een 'n vuurwapen rondgeswaai het, was toe reeds in die kamer.

Hansie het vermoedelik weens die geraas wakker geskrik en na die kamer gestorm, maar kon die kamerdeur aanvanklik nie oopkry nie. Die handvatsel het afgebreek maar hy het op 'n manier ingekom op dieselfde oomblik toe die boerboel een van die rowers aangeval en gebyt het. Die rowers het op die vlug geslaan met Kaptein en Night agterna, maar in die hardloop skote afgevuur wat Hansie in die bors getref het. Die koeël is vermoedelik deur sy hart en onder by sy arm uit voordat dit in die muur vasgeslaan het. Mev. Bronkhorst, 'n geregistreerde suster, het dadelik noodbehandeling op haar seun begin toepas waar hy op die vloer gelê het, maar sê sy het eintlik dadelik geweet dat hy reeds gesterf het. "Ek is net dankbaar dat hy nie gely het nie," sê sy.

Alles het so vinnig gebeur, maar dit sal haar altyd bybly hoe Kaptein teruggekom en sy baas se kop met sy neus probeer oplig en aan sy wang gelek het om hom te probeer "wakker maak".

Paramedici het by mev. Bronkhorst oorgeneem in 'n laaste poging om Hansie se lewe te red, maar dit was gou duidelik dat niks meer vir hom gedoen kon word nie. Die stil buurt het kort na die voorval gewemel van forensiese beamptes en polisielede wat op soek was na die moordenaars en bewysstukke, maar niemand is tot dusver aangekeer nie. Niks is in die voorval gesteel nie.

"Dit is vir ons wat vir Hansie lief was, ondenkbaar dat dié baie spesiale mens met sy pragtige, liefdevolle geaardheid doodgemaak is - vir niks," sê me. Christina Stemmet, verloofde van Hansie se beste vriend, JP Gibson, wat Hansie se ma en suster die afgelope week in Sasolburg bygestaan het. "Hansie was 'n opregte Christen en een van die wonderlikste mense op aarde. 'n Mens kon nie help om vir hom lief te wees nie," sê Christina.

Hansie se ma en suster is veral hard getref deur hul steunpilaar se heengaan. "Hy het my altyd Moemie genoem. Nooit mamma of ma nie, ek was Moemie. Hy was altyd so teer teenoor my en ek was so trots op hom. Ek sal altyd onthou hoe hy my met die grootste liefde en respek behandel het," sê mev. Bronkhorst.

Vir Hansie se meisie van die afgelope agt maande, Marikie Prinsloo (17), is sy dood in dié stadium nog traumaties en baie moeilik om te aanvaar. Dié mooi donkerkop, 'n graad 11-leerling aan die Hoërskool Akasia in Pretoria, staan Hansie se ma en suster ook tans by in Sasolburg. "Hansie was my eerste kêrel en beslis my trouman. Hy sou sy laaste van enigiets vir iemand gee wat dit nodig gehad het. My hart is in duisend stukkies. Ek sal nooit weer vir iemand so lief kan wees nie. Gelukkig weet ek hy is veilig by Jesus se voete waar hy nou niks meer kan oorkom nie," sê Marikie.



Wyle Hansie Botha (26) saam met sy meisie van die afgelope agt maande, Marieki Prinsloo (17). Hansie het aan Hoërskool Oosterland in Sekunda skoolgegaan en so vyf jaar gelede na Sasolburg verhuis, waar hy by Karbochem gewerk het.

# Council approval for joint ELM/Business customer centre expected soon

Craig Kotze

Council approval to establish a ground-breaking joint Business Customer Centre in Emfuleni - to unlock huge outstanding revenue for local service delivery and to remove barriers to business and regional investment - is expected this week, according to informed sources.

This comes against a backdrop of several businesses and the local authority standing together in the Johannesburg High Court to prevent electricity bulk supplier Eskom from arbitrarily cutting off electricity to Emfuleni through bulk blockades.

The dedicated business centre proposal is a joint effort by the Golden Triangle Chamber of Commerce (GTCoC) and the Emfuleni Local Municipality (ELM) to fast-track and prioritise problems confronting business with regard to interaction with local government and vice versa.

Both the business sector and ELM have issues with each other which affect services and sustainable revenue generation and flow - vital revenue from the business sector is not reaching local government which in turn affects ability to pay Eskom and other suppliers.

But the GTCoC and ELM have both publicly stated their opposition to Eskom's plans to cut power to Emfuleni, which would strangle both business and service delivery.

To date no court ruling has yet been made but Eskom has been temporarily prevented from implementing its bulk blockade plans until the court rules on the matter.

GTCoC CEO Klippies Kritzinger told Vaalweekblad he and the business community sincerely hoped that the council would approve the business centre proposal as soon as possible.

"There is huge revenue for ELM waiting to be unlocked in assisting the business community and simultaneously addressing problems business has with local government and administration which can best be handled in a one-stop location process,"said Kritzinger.

Kritzinger and GTCoC spokesperson Jaco Verwey - both businesspeople in their own right - have played a pivotal role over the past few months along with ELM Municipal Manager Oupa Nkoane and CFO Andile Dyakala in developing the Business Centre proposal for council approval.

It is understood the Business Customer Centre will be situated in Vanderbijlpark and be accessible only to business and not the general public.

# Councillors support ousted mayor



Former Executive Mayor of Fezile Dabi District Municipality, Councillor Oumix Oliphant.

Lazarus Dithagiso

SASOLBURG . - The Executive Mayor of Fezile Dabi District Municipality, Councillor Oumix Oliphant was ousted by a vote of no confidence enforced by the ANC.

All this happened at a special council sitting on October 17. The mayor was immediately replaced by the former Executive Mayor Moeketsi Moshodi. Other parties in support of the mayor, immediatly walked out.

What resulted with the mayor being ousted comes after she apparently refused to sign the appointment of the MM Lindi Molibeli. She allegedly claimed that propper channels had not been followed.

This was not received well by the ANC.

Opposition parties feel that this is a huge problem, as it is the MM's job to stand in for the mayor. But in this case the MM's position is still pending in High Court. So there is currently no official mayor and no MM. According to the Economic Freedom Fighters (EFF) this current state of affairs makes the council inoperable.

Councillor Malefane Msimang of the EFF says Oliphant cannot be replaced by the former Executive Mayor Moshodi, who was himself ejected for corruption.

** There was no success in trying to contactt the spokesperson of the District municipality, Thomas Nopeche for official comment.*

# Pa neem afskeid van seun in wrak

Jannie du Plessis

VANDERBIJLPARK. - Hartseer tonele van 'n pa wat sy seun Saterdagoggend op die N1-snelweg by 'n tragiese ongelukstoneel gegroet het, het talle mense op sosiale media se harte geroer.

Shawn Fouché (40), eienaar van Electroshaw en sakeman van Naboomspruit (Mookgophong), is op Saterdag 20 Oktober omstreeks 05:00 op slag dood toe hy en een van sy werkers, Henko Barnard, met 'n Mercedes Vito agter teen 'n trok gebots het.



Die Mercedes Benz Vito waarin die lyk van Shawn Fouché onder 'n kombers toegemaak is, in afwagting op die forensiese deskundiges.



'n Hartseer mnr. Piet Fouché lê sy hand op sy oorlede seun, Shawn Fouché (40), nadat Shawn Saterdagoggend tragies in 'n ongeluk dood is. Foto': Jannie du Plessis

Volgens Henko het hulle 'n werk in die Kaap gaan doen en Vrydagmiddag omstreeks 16:00 terug na die Vaaldriehoek toe vertrek.

Die ongeluk het sowat 4,5km vanaf Saloon 2000 op die Potchefstroom-oorbrug op die N1-snelweg gebeur.

Shawn se pa, mnr. Piet Fouché, het hom vanaf Germiston na die ongelukstoneel gehaas, waar hy sy seun, wat met 'n kombers toegemaak was, agter die stuur gevind het waar hy vasgepen was.

Piet het om die voertuig gedwaal en by tye sy hand op sy seun gaan lê en onbedaarlik gehuil. Volgens Henko, wat ten tyde van die ongeluk geslaap het, kon hy egter niks onthou van die ongeluk nie. Hy het beserings aan sy gesig opgedoen. ER24 paramediese personeel was op die toneel en het Shawn dood verklaar.

Henko wou nie per ambulans hospitaal toe geneem word nie en is later deur familie na die hospitaal geneem.

Volgens die bestuurder van die trok, Steven Punzul, wat saam met sy seun in die trok was om voer by die De Deur-vendusie te gaan verkoop, het hulle net die slag gehoor en het die trok heen en weer geswaai voordat hulle 'n ent verder tot stilstand gekom het.

"Die skade aan die trok kan reggemaak word, maar die man het sy lewe verloor," het Steven ontsteld aan Vaalweekblad gesê.

Die Barrage-polisie, speurders en forensiese deskundiges van Johannesburg was vir 'n geruime tyd op die toneel.

Die brandweer het later Shawn se lyk met hidroliese-toerusting uit die voertuig gehaal.

Voorlopige bevindings is dat Shawn moontlik aan die slaap geraak en na die linkerkant van die pad geswenk het en die trok, wat in die linkerbaan was, teen die linker-agterkant getref het.

Volgens inligting laat Shawn sy vrou en twee kinders agter.

Die saak word ondersoek.

# Trok en voertuig brand - een verkool, een sterf later

Jannie du Plessis

SASOLBURG. - Een van die ergste ongelukke nog by die gevaarlike Shell-kruising op die R59 het Maandagmiddag net voor 17:00 plaasgevind, toe 'n jong pa van drie in sy motor verkool en 'n bejaarde man later in die hospitaal beswyk het.



Wyle mnr. Hennie Burger.



Die trok en die Suzuki Vitara het teen een van die kragpale tot stilstand gekom en aan die brand geslaan. Foto: Rohan Evert

Mnr. Jan Oosthuizen (33), 'n werknemer by GTWLS Warehouse, het op die toneel gesterf toe die Suzuki Vitara onder 'n 18-wiel trok beland het en 'n ent saamgesleep is. Die trok het teen een van die kragpale tot stilstand gekom en 'n kortsluiting veroorsaak, waarna 'n brand ontstaan het.

Vaal Emergency Care (VEC) en ER24 se paramediese personeel was gou op die toneel. Jan, wat op pad was na sy huis in Vaalpark toe die ongeluk gebeur het, het met hul aankoms reeds gesterf en is deur VEC dood verklaar.

"Hy was 'n wonderlike man wat mooi na ons gekyk het," het sy vrou, Anneke Oosthuizen, aan Vaalweekblad gesê. Jan was die pa van drie kinders. 'n Goeie kennis van die Oosthuizen-familie, Nico Duvenage, het aan Vaalweekblad gesê Jan was 'n 'great guy'.

Mnr. Hennie Burger (69), die bestuurder van die Nissan-bakkie, was in 'n kritieke toestand. Hy was vasgepen in sy bakkie en is deur die brandweer met hidroliese toerusting bevry.

Hy is met veelvuldige inwendige beserings deur Netcare 911 se helikopter na die Uniehospitaal in Alberton gevlieg, waar hy Maandagaand omstreeks 23:00 aan sy beserings beswyk het.

Hy was vir jare 'n inwoner van die Vaaldriehoek en saam met sy seun, Juan, mede-eienaar van Crazy Paving. Volgens Juan was sy pa 'n saggeaarde man wat altyd bereid was om te help. Hy word oorleef deur sy vrou Mercia, drie kinders Juan, Eddie en Yolandé de Klerk en ses kleinkinders.

Petro en Paul Kruger, wat in 'n Opel Corsa gery het, asook die bestuurder van die trok, het ligte beserings opgedoen en is deur VEC na die Metsimaholo-hospitaal geneem vir behandeling.

Teen druktyd was nog geen begrafnisreëling van enige van die oorledenes beskikbaar nie. Die presiese oorsaak van die ongeluk word deur die Sasolburg-polisie ondersoek.

* Mnr. Marius Venter, besturende direkteur van VEC, wat eerste op die toneel was, was in die nadraai van die ongeluk byna self 'n slagoffer.

Terwyl hy besig was om bystand aan die beseerdes te verleen, het hy 'n harde slag gehoor en 'n harde hou in die rug gekry. Dit was 'n skokbreker wat vermoedelik uit die vragmotor geskiet het toe die voertuig ontplof het.

# Swart Maandag-opmars plaas klem op plaasmoorde en haatspraak

VANDERBIJLPARK. - 'n Groep besorgde Suid-Afrikaners is besig met reëlings vir 'n nasionale Swart Maandag wat op 29 Oktober in verskeie dorpe en stede in die land plaasvind om beswaar te maak teen plaasmoorde, grondonteiening en haatspraak.

Volgens mnr. Wynand Slabbert, die organiseerders se leier in Vanderbijlpark, is die plan dat alle beswaarmakers oor dié sake Maandagoggend vanaf 07:00 aan 'n opmars om die polisiestasie in Vanderbijlpark se sakekern gaan deelneem. Tydens die opmars sal soveel optoggangers as moontlik een-een in die polisiestasie ingaan en klagtes met betrekking tot haatspraak teen Julius Malema, leier van die EEF, lê. "Swart Maandag SA, wat nou 'n amptelik geregistreerde naam is, is 'n dag waartydens ons as 'n nasie opstaan teen haatspraak en plaasmoorde. Genoeg is genoeg. Almal is welkom om deel te neem. Ons vra dat alle *bikers* ons ook sal ondersteun. Ons nooi elkeen om 'n klag te lê teen Julius Malema volgens Wet 139 van 1991 (Intimidasie en aanhitsing tot openbare geweld)," sê Slabbert. Vir meer inligting, skakel die Vanderbijlparkse organiseerder Wynand Slabbert by 084 250 6818 of voorsitter Valerie Byliefeldt by 073 457 3510.

# Dapper Divan is 'Superheld' na boksgeveg in rolstoel



Divan Groenewald glimlag breed na sy geveg teen die wêreld se vlieggewigkampioen, Hekkie Budler (links). By hulle is 'Coach' Soon Botes (regs) en skeidsregter Marius Lennox (agter).

VANDERBIJLPARK. - Jy het dalk nog nie van die bokser Divan Groenewald gehoor nie, maar dié jong man van Parys is seker een van Suid-Afrika se moedigste sportmanne!

Die 19-jarige Divan ly aan 'n baie seldsame siektetoestand, Mohr Tranebjaerg-sindroom, waarvan nog net 70 gevalle wêreldwyd aangemeld is.

Dit is 'n degeneratiewe toestand wat op die ouderdom van drie jaar by Divan gediagnoseer is.

Divan het vroeër die maand in die bokskryt teen groot name in die bokswêreld te staan gekom. Sy positiewe lewensbeskouing en energieke geaardheid - en natuurlik sy liefde vir boks - het almal by Impact Boxing Fitness in Vanderbijlpark so aangegryp dat hulle besluit het om op 6 Oktober 'n spesiale insamelingsveldtog, 'n Box & Dine geleentheid, vir hom te hou.

Groot name in bokskringe het aan die geleentheid deelgeneem, waaronder Hekkie Budler, wat tans die wêreldkampioen in sy gewigsklas is. Hekkie het onlangs die IBF World Light Flyweight-titel, die WBA Super World Light Flyweight-titel, en die Ring Magazine Belt-titel ingepalm.

Met die oog op die ontmoeting het Divan ondanks sy gestremdheid baie hard saam met afrigter Soon Botes van IBF geoefen, en Hekkie uitgedaag vir 'n boksgeveg van drie rondes vir die spesiale "Superhero"-titel wat die aand op die spel was. 'n Titel waarvoor Divan met mag en mening én 'n groot glimlag geveg het!

Die aand was 'n reusesukses met 12 White Collar gevegte waar geen wenner of verloorder aangewys is nie - buiten natuurlik die geveg om die Superhero-titel tussen Divan en Hekkie. Die geld wat die aand ingesamel is, sal gebruik word om vir Divan 'n nuwe rolstoel te koop, asook om sy geweldige hoë mediese uitgawes, met 'n moontlike heupvervanging wat weer in die nabye toekoms voorlê, te help dek.

"Ten spyte van sy gesondheidsuitdagings is Divan se glimlag sy grootste getuienis van die positiewe gesindheid waarmee hy elke dag aanpak," sê mev. Thèo Botes, woordvoerder van Impact Boxing.

Eienaar en afrigter by Impact Boxing, Soon Botes, is self baie bekend in die bokswêreld. Hy het in Vanderbijlpark grootgeword en is in sy jong dae deur sy pa, wyle Dries Botes, by Iscor Boksklub afgerig. Soon het Suid-Afrika in 1996 by die Olimpiese Spele in Atlanta verteenwoordig en was voor sy uittrede agtste in die wêreld in sy gewigsklas. Hy het sedertdien reeds talle nasionale bokskampioene afgerig, soos Ruann Visser van Meyerton, die huidige SA-swaargewigkampioen.

Soon is 'n man met 'n groot hart wat diep spore in die lewens van baie trap. Die naam Impact staan juis vir die impak wat dié boksklub in mense se lewens wil maak. Buiten afrigting vir mans, vroue en kinders bied die klub ook spesiale klasse aan vir mense met gestremdhede soos Parkinsons, ADHD, en selfs rolstoelboksers.

Impact Boxing Fitness Gym is in Carnotstraat 4, CW 6, Vanderbijlpark langs Laerskool Totius. Meer besonderhede oor hul spesiale klasse is beskikbaar by 072 124 3588 of 079 785 7343.



Divan in aksie teen Hekkie Budler in die geveg om die Superhero-titel. Marius Lennox was die skeidsregter.

# Beskuldigde in hof na glasstuk jong man se oog eis

VANDERBIJLPARK. - 'n Jong volwasse man van Fochville, Christiaan Uys, het verlede Donderdag vlugtig in die landdroshof in Vanderbijlpark verskyn in verband met 'n ernstige aanranding op 1 September waarin die 24-jarige Lourens Koster van Vereeniging die sig in sy regteroog verloor het.

Uys is nog nie gevra om te pleit nie. Sy borgtog is verleng en die saak is tot 12 November uitgestel.

Die voorval waarin Lourens blind gelaat is in sy regteroog, het die betrokke Saterdagmiddag omstreeks 16:00 ten aanskoue van talle besoekers by River Palace, 'n bekende kuierplek aan die oewer van die Vaalrivier, afgespeel.

Die beskuldigde en van sy vriende het die betrokke Saterdagmiddag met hul motorboot by River Palace opgedaag en vasgemeer waarna hulle saam na die restaurant is. Hulle het aanvanklik gemoedelik met Lourens, sy vriend en vriendin by hul tafel gesels voordat hulle verder op hul eie gaan sit het.

Uys het na bewering 'n rukkie later doelgerig na Lourens en sy vriende se tafel gestap en Lourens, wat met sy rug na hom toe gesit het, so hard teen die agterkop geslaan dat Lourens se gesig die glase op hul tafel getref en dit gebreek het. 'n Groot glasskerf het in sy regteroog vasgesteek. Dit is later die aand in 'n noodoperasie van vier ure verwyder.

Lourens se oogbal was middeldeur gesny en sy oogsenuwee en lens vernietig. Hy is nou permanent blind in die oog. Sy ma, mev. Caroline Dixon, 'n bekende suster met beroepsgesondheid as spesialisgebied, sê hulle was die afgelope weke reeds 'n paar keer by prof. Bernard Wolf van die Retina-kliniek in Northcliff, maar daar is steeds geen uitsluitsel of Lourens se oog verwyder sal moet word en hy 'n kunsoog sal moet kry nie. Hy verduur nog baie pyn en die beskadigde oog traan onophoudelik.

Hy ontvang steeds traumaberading om die verlies van sy visie in die oog te verwerk en daarby te leer aanpas. "Ons wil graag hê Lourens moet sy lewe so normaal as moontlik voortsit maar dis 'n groot aanpassing - nie net fisies nie, maar ook emosioneel en in sy sosiale omgang met ander mense," sê mev. Dixon.


Vaal weekblad

CRAZY DEAL

Oog vernietig in aanval

Skool rou oor dood van geliefde 'kantoortannie' - Bl. 3

ELM's salary bill a whopping R85 mil per month - P. 5

Curro Vanderbijlpark

OPENING IN 2019

CURRO

Vanderbijlpark

Curro, empowering children to reach their potential.



The HMS Bounty back in the day when it first graced the Vaal River.

# Bounty soon to relive glory days

Leon Erwee

VANDERBIJLPARK. - The HMS Bounty, an all wooden 37-foot motorised yacht, was built by the Fred Nicholls' shipyard in Durban in 1936.

During the Second World War she was commandeered by the Royal Navy, registered as HMS Bounty, and utilised to ferry officers from shore to the battle and supply ships - HMS denoting 'His/Her Majesty's Ship'.

HMS Bounty still displays the Royal Navy flag currently in use by the United Kingdom's Merchant Navy and civilian registered vessels. Her specific Red Ensign was flown whenever an Admiral was on board. She is indeed reminiscent of an era of pomp and splendour as could be observed during the Thames River Pageant when a fleet of sister ships commemorated the Queen's Diamond Jubilee in 2012.

After the Second World War ended, the Cohen family of OK Bazaars' fame adapted the Bounty to use as private family yacht and took her inland to the Vaal River where she has been ever since. But Bounty has been on dry dock for almost three decades now, and well in need of restoration.

She is the only one of her kind in Africa, yet in the UK a small number of these ships are in pristine condition with others in various stages of restoration – a programme driven by the Association of Dunkirk Little Ships (ADLS). During 1940, the Royal Navy 'requisitioned' around 850 such craft for 'Operation Dynamo' to ferry 338 000 trapped British troops from the beaches of Dunkirk back to England – the Little Ships' finest hour – masterfully depicted in the recent film 'Dunkirk.'



This Ford engine is running again even though it had been submerged in water and mud for a very lon gtime. Photo: Jannie du Plessis

At the Classic Boat rally in September at St. Katherine Dock adjacent to Tower Bridge in London, about a dozen 'Little Ships' attended and we were most fortunate to meet Kevin Finn, the Vice Commodore of the ADLS. Kevin was delighted to hear of Socoro Yachts' planned restoration project and is following our progress with interest. We may be invited to the 'return to Dunkirk' in May 2020, by the Royal Navy, to commemorate the 80th anniversary of Operation Dynamo; around 50 'Little Ships' could attend.

The Bounty now belongs to Socoro Syndicates Group that specializes in the formation of leisure property and the restoration too was planned as a syndicate.

"Timing was not right for floating such and, albeit that there has always been interest, we have been holding back. Invaluable perspectives were gained over time from knowledgeable parties advising, here specifically giving credit to the likes of accomplished shipwright Will Ferreira and others.

"We were recently approached by Vaal Triangle resident Clive Dunn who forwarded creative ideas for a private restoration project."

Clive has built aircraft, boats and various related structures. After sound-boarding on all aspects we formulated a workable plan, formalised an agreement and commenced work. Ever so creatively Clive and his formidable team have involved themselves with gusto from day one – hence proceeding apace expecting to finish an otherwise lengthy project over a much shorter period – even before the festive season.



The HMS Bounty is under restoration and will soon be seen again on the waters of the Vaal River.




Workers busy on the interior of the boat. Photo: Jannie du Plessis

# A real treat for wine lovers



MEYERTON. - A treat awaits all wine enthusiasts at Model Bottle Store's annual Model Wine Show which takes place at the Meyerton Town Hall on November 2 from 17:00 to 21:00.

Tickets are R100 per person and include snacks and entertainment. Wine lovers will have the opportunity to taste approximately 150 different red and white wines from 25 different wine farms. Lots of prizes stand to be won during the event. Get your ticket now at Model Bottle Store, Meyerton, or contact them on (016) 363 1128/0641.

# Herfsoord hou weer groot basaar

Herfsoord hou op 27 Oktober vanaf 08:00 tot 13:0 'n lekker basaar by die Eike saal. Onder die watertand lekkernye is heerlike pannekoek, vetkoeke, kerrie en rys, poedings, koeke en konfyte.

Verder is daar ook wit olifante om van te kies en te keur. Oktober is die maand van die bejaarde en hulle poog om die versorgingseenheid van Siësta bietjie op te kikker, deur veral die Alzheimer-eenheid 'n nuwe baadjie te gee.

Besighede word gevra vir donasies waarvoor aan hulle 'n SARS vorm 18(a) uitgereik sal word wat van belasting aftrekbaar is. Help asseblief om die lewe van 'n bejaarde makliker te maak! Volgens Marietjie Collins, hoofbestuurder van die oord, hou hulle op Vrydag 26 Oktober ook 'n Civvie-dag. Tjokkerland Kleuterskool was weer van die eerstes wat plakkers aangevra het (R5 elk).

Hoërskool Transvalia het weer eens gewys dat hulle 'n oop hand en hart het vir bejaardes en het R4 000 geskenk.

** Marietjie bedank graag vir Vaalweekblad/Ster vir die dekking van gebeure, asook vir 90.6 en IFM.*

**Vaal weekblad**
**Kommentaar/Comment**
Redakteur/Editor: Retha Fitchat
Faks/Fax: 0865 411 503
Nuusredakteur: Elsje Vermeulen
Nuus na ure / After Hours: 083 246 0523

# Financial Recovery Plan: Real ELM turnaround unlikely to happen

**Early in June this year the Gauteng Provincial Government intervened in the administration of Emfuleni Local Municipality (ELM) in terms of the Constitution. The Financial Recovery Services Unit within National Treasury was requested to develop a financial recovery plan to ensure a turnaround of ELM by 2020/2021. A draft of this plan (a 166-page report) was published early October this year for comment.**

**Johan Sipho Coetzee, Finance and Revenue portfolio member of the ELM Ward 9 Committee, was tasked to comment on the draft recovery plan. He likened the plan to the idiom "pulling oneself up by one's bootstraps".**

**In his opinion, the plan was compiled making a lot of flawed key assumptions, such as that ELM staff will change their culture overnight (consequence management, stealing, unproductive, saving 15% etc.). At the same time the plan makes the same ELM managers (who got ELM in its current dire state) accountable to implement the plan.**

**As reported by Vaalweekblad on September 26 this year, Councillor Peter Verbeek (Ward 10) and also a member of the ELM section 80 Finance Committee, highlighted to the Ward 9 Committee that in the last three years ELM wasted nearly R2,1 billion of its residents' money on unauthorised, irregular, fruitless and wasteful expenditure.**

**In Coetzee's opinion, the recovery plan accurately reiterated most of the reasons for ELM's dire state but neglected to mention that some top ELM officials are allegedly paying willing female interns salaries in return for sexual favours and the fact that ELM is busy destroying the environment and the Vaal River with untreated sewage.**

**In Coetzee's past he ensured the success of a R380 million per year IT outsource contract (establishing a team of about 100 technical IT people at a well-known mining company) by running a six month's long R130 million transition project with the help of a dedicated team of a programme manager, three project managers and at least 10 technical experts. This he compares with the recovery plan that expects to run a three-year turnaround project for a company of 2 600 employees (growing to over 6 000) with an annual budget of R6 billion (the 'company' is called ELM) without any dedicated project staff or additional money!**

**The bigger issue according to Coetzee is therefore not the content of the recovery plan but the lack of a dedicated implementation team and budget to ensure success.**

**He also questions whether there are any examples of local municipalities turned around successfully using this type of intervention managed as foreseen by this plan.**



Wat 'n goeie fotograaf nie alles sal doen vir daardie perfekte skoot nie! Louis Mac Pherson, bekende fotograaf van Vanderbijlpark, is hier saam met sy honde letterlik op die spoor van 'n goeie foto. Die foto is deur sy vrou, Louise, geneem. Alle fotograwe kan hul interessante, humoristiese of ongewone foto's wat in die Vaaldriehoek geneem is, e-pos na rfichat@media24.com om in aanmerking te kom vir maandelikse pretpryse.

## Kontak Vaalweekblad se ombudsman oor klagtes

**Stuur enige klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, prof. George Claassen na 083 543 2471 of (021) 851 3232, of by george.claassen@media24.com.**



# Lesersforum
# Readers Forum

## Come on Risiville, don't dump here!

**Councillor Salome J van Rensburg of Ward 2 (Risiville) writes:**

The trench in Brocket Street was cleaned a couple of months ago. Now look at it again!

I wish I could find the guilty parties who dumped their rubbish from their gardens in this trench. We warned you all it would get flooded once the rain came, which happened on Saturday, October 13.

We all complain about ELM and all the rubbish in the streets but are we any better? Is this how you as rate payers want Risiville to turn out? A sh*thole like ELM? I am sorry I have to vent like this, but this is not on!

I work so hard to keep Risiville neat and clean and other people are just too lazy to go to the dump and dump their rubbish there. So, I am asking each one of you as residents living in Brocket Street or anywhere in Risiville if you catch anyone dumping illegally to please send me photos.

We are going to start giving fines of R5 000 to anyone caught. Please help me in this regard.



The trench is Risiville is fast getting clogged again as a result of residents' illegal dumping.

** Photos may be sent to Councillor Van Rensburg on 082 212 4520.*

## Hier kry jy 'n gaap pleks van 'n glimlag

**Verstom oor onbeskofte diens skryf:**

Ek is verstom oor die onbeskofte diens by die lisensiekantore!

Hoekom 'n werk vat waar jy met mense werk en glad nie die persoonlikheid het om dit te doen nie? Los dan eerder die werk vir mense wat wíl werk en wat met mense kán werk!

'n Klomp van ons staan in 'n ry en wag vir die dame wat op haar persoonlike foon is, jou kollegas is nie veronderstel om vir jou te sê klim af van jou foon af en help die mense nie. Dan sit en gaap sy so dat 'n mens nie kan hoor wat sy sê nie! Vra mens ekskuus, sug sy asof jy haar gevra het om vir jou om die blok te gaan hol. Nee man, 'n glimlag en 'n positiewe vriendelike houding kos niks!

## Christian Art verdien 'n pluimpie

**Mnr. Du Toit Tulleken van Vereeniging skryf:**

Op 13 en 16 Oktober is 'n groot hoop vullis deur 'n privaat maatskappy op die hoeke van Smutslaan en Lesliestraat opgeruim en verwyder. By navraag het ek vasgestel die maatskappy wat verantwoordelik was vir die opruiming, is Christian Art in Smutslaan.

Dit is 'n besonderse bydrae deur die maatskappy om die omgewing skoon en netjies te hou. Tot in daardie stadium het vlieë ons geteister en die stank was ondraaglik.

Die maatskappy verdien 'n groot pluimpie en publisiteit vir hul poging tot gemeenskapsontwikkeling.

## Hoe raak mens van sulke 'bure' ontslae?

**G. S. van Sasolburg skryf:**

Ek wil graag hoor. Ons huis grens aan 'n groenstrook en daar is alewig mense wat naby ons huis in die veld goed brand. Ek vermoed dis kabels.

Dit blyk dat dieselfde mense in die aande daar slaap. Dit is teen my erf en my hond gaan elke dag en aand mal.

Ek het al die mense aangespreek daaroor en dan is dit weer stil vir 'n dag of twee, dan is die mense maar net weer terug.Nou wil ek hoor wat my te doen staan om op 'n wettige manier van die mense ontslae te raak sonder dat ek in die sop beland... want kyk, hulle doen seker niks verkeerd nie, en het nog nie toegang tot my erf probeer kry nie, maar in Hemelsnaam, die reuke en geraas in die aande maak mens mal!

Enige raad sal waardeer word.

** Ons glo die Sasolburg Gemeenskapsaksiegroep gee reeds aandag aan u probleem en Vaalweekblad het dit ook ter ondersteuning by die Metsimaholo-munisipaliteit aangemeld. (Red).*

**Lesersbriewe word sover as moontlik onveranderd geplaas mits dit nie kru taal of laster bevat nie. Anonieme skrywers se briewe word nie geplaas nie maar 'n skuilnaam sal op versoek gebruik word.**

**Die adverteerder en Media24 het ooreengekom dat die adverteerder volle verantwoordelikheid aanvaar vir die nakoming van relevante wetgewing in die plasing van korrekte inligting ten opsigte van sy advertensie in Vaalweekblad. Derhalwe aanvaar Media24 geen aanspreeklikheid vir enige skade voortspruitend uit die plasing van enige advertensie nie.**

# When can a municipality disconnect your water and electricity?

Many municipalities all over South Africa are being roasted by residents for poor service delivery. In some cases consumers are withholding payment due to absent services such as refuse removal and in others the municipal billing system is so chaotic or ridiculously high that residents can't afford to pay. The question is often asked: When can a municipality disconnect your water and electricity?

NGL Attorneys gives the following advice regarding the legalities of disconnecting such services:

**Accounts in arrears**

If one of your municipal services is in arrears, the municipality is well within their rights to disconnect whatever service when there are undisputed arrears owed to any other service in connection with the related property. Before any disconnection takes place, there is a procedure for the municipality to follow.

**Notices**

The municipality is legally obligated to give a notice to the person responsible for the account. A minimum of 14 days written notice of termination is required for water and electricity accounts in arrears and if the notice period is shorter than 14 days, or not supplied, the disconnection is illegal. The 14-day notice gives the responsible party an opportunity to present any disputes or queries they may have regarding the account or allow them to repay the arrears.

**The query period**

Once a query relating to the account has been put in, the municipality may not disconnect services provided that the amount being queried is equal to the amount in arrears. In the case where the amount is less that the amount in arrears, the service may be disconnected for the undisputed amount owing.

**Payment of arrears**

When a query has been logged, it can only be valid for so long provided that the monthly bill or any other related payments are being made to the respective account. If the responsible person does not make any form of payment, the service may be disconnected even if a logged query exists with the municipality.

**State where the payment should go**

If there is an account dispute and the responsible person makes a payment to the municipality, the municipality may choose to allocate that money to any account they wish to do so. This means the account in need of the payment may not have the payment made into it. To curb this, the responsible person must notify the municipality, in writing, of the payments being made as well as which account they should be allocated to. This must be done before payment is made.




Onder die teenwoordiges by die boomplantdag by Tabita-sentrum was Anil Keshav van IAHV, Eddie Pieters, bestuurder van Tabita-sentrum, Anita Hanekom, afdelingshoof: Maatskaplike Werk van DKD, Smash van Geestesgesondheid, Hannah Jacobs (Geestesgesondheid), Dalene Venter, maatskaplike werker by Tabita, suster Mtswaka, Frieda (Geestesgesondheid), Krishan Patel (IAHV), Abe Mbele (Geestesgesondheid), Johannes Govzla, Albert Mokheseng en Tumelo wat gate gegrou het, en Solly Korae van DKD. Heel agter regs van die banier is Tyronne Niekerk (geestelike werker). Voor hom is Meisie (inwoner van Tabita), Melissa en Gavin Huber van IAHV, Andrea (inwoner) en Samela Hoza (maatskaplike werker van DKD).

# Die Vaal word 'groen' geverf!

Die Vaaldriehoek word stelselmatig al groener danksy 'n opbouende projek van die Department van Landbou, Bosbou en Visserye en die International Association for Human Values (IAHV) waarby die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) ingeskakel het om bome in verskeie dele van die streek te plant.

Mev. Anita Hanekom, afdelingshoof: Maatskaplike Werk van die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) het so drie jaar gelede aansoek gedoen dat DKD ook in die IAHV se Boomplantdagvieringe kon deel.

"Die Department van Landbou, Bosbou en Visserye het bome beskikbaar gestel – merendeels met die doel om ons omgewing groen te hou en suurstof in die lug te kry," sê mev. Hanekom.

Die eerste jaar kon 40 bome in Parys met die hulp van die Gemeenskapskorreksiekantoor daar geplant word. Verlede jaar is 250 bome in Sasolburg met die hulp van Sasolburg gevangenis en Sasolburg Gemeenskapskorreksiekantoor geplant, onder andere by die Hoëveldse Tuine, die openbare swembad, verskeie skole, die Etienne Rousseau Teater (ERT), sowel as by verskeie klinieke, skole en versorgingsentrums in Zamdela.

Vanjaar het mev. Hanekom en haar span 750 bome gekry om te plant. Hulle word uit alle sektore van die gemeenskap bygestaan, soos inwonersorganisasies, die polisie, sakeondernemings soos Gemkor, sowel as individue. "Ons het vooraf 'n vergadering saam met IAHV by die Sasolburg gevangenis gehou om saam te besluit waar ons vanjaar sou plant sodat die hele Vaaldriehoek daarby kan baat. Daar is reeds bome in Drie Riviere deur Proudly Three Rivers geplant en daar is ook reeds bome in Evaton geplant. Honderd bome is ook aan die Tabita-sentrum geskenk. Op 9 November gaan ons bome by die biblioteke in Refengkgotso en Zamdela, die ERT in Sasolburg, die Afrikaanse Hoërskool en 'n gemeenskapsentrum in Vanderbijlpark plant. Ander sentra in Vereeniging wat ook nog in die ry staan vir bome, is onder andere die Dick Fourie-stadion en Vaal Christian Academy School. Dis 'n wonderlike gemeenskapsprojek en 'n bewys dat gemeenskappe kan saamstaan," sê mev. Hanekom.



Deelnemers aan die boomplantdag by Tabita-sentrum in Vanderbijlpark, verlede week.

# Fotografiekursus vir beginners

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging gaan weer aan die begin van 2019 ‘n Beginners Fotografiekursus aanbied.

Die kursus strek oor vier dae en die algemene genres in fotografie sal gedek word. Daar word begin met ‘n “ken jou kamera-sessie” waar al die verstellings op jou kamera behandel sal word. Modules soos landskap-, wild-, portret-, sport-, makro- en monochroom-fotografie sal behandel word. Na afloop van die teoretiese aanbiedings sal daar praktiese oefeninge met jou eie kamera gedoen word. Daar sal ook inleidend na die gebruik van Photoshop gekyk word.

Die kursus sluit ook koffie/tee en beskuit die oggend in, met ‘n ligte middagete wat elke dag bedien word. ‘n Volledige stel kursusnotas sal aan elke kursusganger voorsien word. Die datums van die kursus is: 16 & 17 Februarie en 16 & 17 Maart om 08:30 tot 16:00.

Dit sal by die Klipriver Country Estate in Drie Riviere, Vereeniging aangebied word. Die kursusaanbieders is ervare lede van die klub wat oor die nodige kundigheid en kennis beskik. Die koste beloop R2 750 per persoon (alles ingesluit).

Kontak gerus vir Henk Scheepers by 072 260 0513 of Johan Brits by 082 718 8394 vir meer inligting of om jou plek te bespreek.



Foto deur klublid Elsje Vermeulen.

# Wen R1 000 en ander pretpryse met maklike blokraaisel!

Lesers het hierdie week ‘n verdere kans om pretpryse soos vlotvaarte, geskenkbewyse van winkelsentrums en etebewyse van toprestaurante te wen in Vaalweekblad se maklike blokraaiwedstryde. Almal wat deelneem se inskrywings kom in ‘n poel waaruit ons maandeliks ‘n wenner van R1 000 kontant trek! Dis maklik: Soek na die blokraaisel-antwoorde in hierdie week se uitgawe, vul die blokraaisel in en pos dit saam met jou naam, van en foonnommer na Vaalweekblad-blokraai 34, Posbus 351, Vanderbijlpark, 1900. Moenie spasies tussen woorde los as ‘n antwoord meer as een woord vereis nie.Let wel: Slegs oorspronklike koerantpapier mag gebruik word - nie afdrukke nie. Jy kan egter soveel koerante koop as wat jy wil en meer as een keer inskryf.

In plaas daarvan om jou voltooide blokraaisel te pos, kan jy dit ook in die wedstrydboks by een van die onderstaande winkels ingooi.

**Vanderbijlpark:** Pick n Pay Family Store, South East Boulevard Centre, h/v Hendrik van Eck en Piet Rietief-boulevard, Vanderbijlpark.

**Sasolburg:** VKB Foods, Winkel 6, Die Akker, Fichardtstraat, Sasolburg.

**Meyerton:** Pick n Pay Family Store, Lochstraat 39, Meyerton.

**Vereeniging:** Four Way Kwikspar Tops, h/v Blackwoodstraat en Genl. Hertzogweg, Drie Riviere, Vereeniging.

Blokraaisel 34 moet ons nie later as Vrydag 2 November bereik nie.

Naam:............................

Van ..................................

**Blokraai 34**




Sel :...................................

**Leidrade dwars:**

2.) Name of a motorised yacht that was build in Durban in 1936.

4.) Divan Groenewald, wat aan ‘n skaars sindroom ly, het onlangs teen dié vlieggewigbokser geveg.

5.) Die SA Senior Ope gholftoernooi het verlede week by dié gholfbaan in Vaalpark plaasgevind.

7.) Giant King is die bynaam vir hierdie bokser?

8.) Die voornaam van ‘n sanger wat ‘n bediening by die Gereformeerde Kerk in Centurion het.

9.) Die voornaam van mnr. Schuhknecht, grondlegger van Park Panelbeaters in 1967.

10.) Bekende radio-omroeper van IFM wat gereeld Country-musiek op sy program speel.

**Leidrade af:**

1.) Die naam van Hoërskool Dr. Malan se nuwe gimnasium.

3.) Which beer company sponsors the Fish River Canoe Marathon?

4.) Naam en van van die jong Sasolburger wat verlede week tydens ‘n huisroof vermoor is.

6.) Vir watter span speel Delano Maritz krieket?



# Douvoordag se CD 'n verkwikkende Avontuur in Afrikaans




Musiekliefhebbers ken reeds sedert 2008 die unieke klank van die groep **Douvoordag**, wat uit die egpaar Ilse en Jattie de Beer bestaan. Nie net is uittreksels van twee van hulle liedjies gebruik in die klankbaan van die gewilde Afrikaanse fliek, **Mooirivier** nie, maar hulle eerste twee enkelsnitte, **Uitsig** en **Desembers**, is ook onderskeidelik op die Afrikaans is Groot Volume 8- en Afrikaans is Groot Volume 9-albums ingesluit.

Gedurende Desember 2017 was **Douvoordag** ook deel van die heel eerste In Afrikaans-konsertreeks op Hartenbos, waar hulle die verhoog gedeel het met bekende name soos Jo Black, Leah, Robbie Wessels en Jan de Wet by die Kersfees in Afrikaans-konsert wat deur meer as 6 000 mense bygewoon is.

Die De Beers het pas hul CD, **Die Avontuur** bekendgestel. Jattie, 'n begaafde liedjieskrywer, skryf ewe gemaklik in Afrikaans en Engels, en vir enige musikale genre. Daarvan getuig die groot aantal baie uiteenlopende kunstenaars wat al van sy liedjies opgeneem het, onder meer Louis Brittz (gospel), Zak van Niekerk (humoristies), Len Muller (alternatief), Dans Dans Lisa, Izak Davel (pop), en Leon Gropp, om net 'n paar te noem. Hy het ook onlangs help skryf aan snitte vir nuwe opkomende albums van Jo Black, Touch of Class en Roan Ash. Jattie en die bekende liedjieskrywer en vervaardiger Johan Vorster, was medeskeppers van Die Groot Ontbyt se temalied, **Kom ons gaan groot**, wat gesing word deur Jo Black.

Jattie is die kreatiewe brein agter **Douvoordag** en die meeste van die groep se lirieke en melodieë kom uit sy pen. Die liedjies reflekteer iets van die De Beers se lewens en lewensuitkyk. Een van hulle enkelsnitte, die baie gewilde **Desembers**, vertel byvoorbeeld die verhaal van hul Desembervakansies op Stilbaai, waar die paartjie in 2005 ontmoet het.

"Die liedjies is skilderye van die interne ontdekkings en mooi oomblikke langs ons persoonlike pad, en sommige is geskryf om ons te bemoedig en te herinner aan waarom ons hierdie avontuur gekies het," sê Ilse.

Luister gerus na nommers soos **Uitsig, Skielik is die Somer hier, Manifes (van 'n vry man), Landsberghoek, Kyk op na Bo** en **Vir Ren**. Dis lekker, opbouende, moderne musiek in Afrikaans. Ons kan doen met nog hiervan.

# Almero se dramatiese ballades vereis jou volle aandag

Almero is nog net 21 jaar oud en spog reeds met sy eie kortverhaal, digbundel en twee enkelsnitte, wat almal baie goed ontvang is.

Met sy mees onlangse kragballade, Monochromie, het hy sy plek ferm in die musiekbedryf ingeneem, maar nou het die tyd aangebreek om se eerste vollengte album, **Maandag,** bekend te stel.

Dié album is beslis nie rustige agtergrondmusiek nie. Dit stel 'n eis aan die luisteraar om alles waarmee jy besig is, opsy te skuif en te lúister.

Die album, **Maandag**, het nie 'n duidelike oorsprong nie, maar Maandag was nog altyd vir Almero 'n dag met 'n baie duidelike gevoel en karakter. 'n Begin en ook potensiaal. Die eerste lied op die album se naam is **Maandagoggend** en die laaste lied se naam is **Maandagaand**.

Selfs nog voordat jy begin luister, gee die titels vir jou 'n aanduiding dat hierdie nie 'n lighartige luisterliedjie-album is nie. Titels soos **Hartoorplanting, Donnerse lag, Bedonnerd** en **Doolhof** laat jou besef dat hierdie diep emosie-musiek is. As jy hou van dramatiese ballades soos dié van Meatloaf en Chris de Burgh, gaan Almero se musiek beslis in jou smaak val.

"My nuwe album is vir my ontsaglik spesiaal en persoonlik.

"Elke lied het 'n belangrike storie van my lewe en die verhale het my en die mense om my gevorm.

"Baie van my vriende en familie se stories is ook te vinde in die liedjies," sê Almero.

Buiten vir Almero en sy broer, Nico Welgemoed, het verskeie musikante gehelp met die album se musiek en vervaardiging, onder andere Bouwer Bosch, Danie du Toit, Ruan Graaff en Peach van Pletzen.

Sing is egter nie Almero se enigste talent nie.

Buiten vir die feit dat hy 'n diep denker en slimkop is, wat nog altyd 'n chirurg wou word, is hy ook 'n uitsonderlike skrywer en digter.

Hy is tans besig om sy boek, **Donderweer Gedagtes**, te bemark en het in 2017 saam met Bouwer Bosch die digbundel, **Liefde Wen,** vrygestel.

**Maandag** is beskikbaar op alle digitale platforms: https://itunes.apple.com/za/album/maandag/1436429773.

*** Volg hom ook op Facebook: https://www.facebook.com/Almeromusic/**







# Kom kuier by die Kieriefees!

Huis Meyerton se prettige jaarlikse Kieriefees vind op Saterdag, 27 Oktober by die tehuis in Shippardstraat 32, Meyerton plaas.

Almal is welkom om in die pret te kom deel.

Die doel van die fees is om fondse in te samel om die lewe geriefliker te maak vir inwoners. Die fees begin om 09:30 en sal tot 15:00 duur.

Toegang beloop R20 per volwasse, R5 per skoolgaande kind en kinders onder 12 jaar kom gratis.

Buiten vrolike musiek, sal die talle interessante stalletjies ook 'n huppel in oud en jonk se stap sit - van handgemaakte artikels, kuns, naaldwerk en tuisgebak, tot poeding en pannekoek. Daar sal ook opwindende kindervermaak wees, sowel as 'n teetuin waar die ouer garde kan kom uitspan.

Stalletjies kan bespreek word by Elanie Roos of Brenda Spamers by (016) 362 0045.

# Frikkie van Biljon betree Jou Wêreld




Frikkie van Biljon kom al 'n lang pad na sy eerste optrede voor 'n gehoor toe hy 'n knapie van skaars vyf was. Hierdie Vrystaatse plaasseun het vroeer vanjaar groot naam gemaak op plaaslike radiostasies landwyd met sy debuutenkelsnit, **Jou Wêreld.**

Skaars 'n paar maande later en Frikkie bederf ons met 'n nuwe enkelsnit, **Elke stukkie Kaap**. 'n Liedjie waar hy die pen gedeel het met Steffie le Roux, 'n sangeres wat deesdae ook talle musiekliefhebbers se aandag trek. Hierdie sterk ballade sal die harte roer van elke Kapenaar en indien jy nie een is nie, sal jy vinnig tussen die note en asems die Kaapse wind deur jou hare voel.

Hulle bring elke stukkie van die Kaap bymekaar en gaan jou van voor af verlief laat word op een van die top 10 mooiste stede in die wêreld. Dis verfrissend om weer liedjies te hoor wat nie net oor romantiese liefde gaan nie, maar oor plekke en dinge wat ons óók na aan die hart lê.

Soos wat die woorde; 'die golwe weet waar breek die branders…' al deel van ons erfenis geword het, gaan jy 'elke stukkie Kaap' spoedig begin onthou en saam neurie.

Frikkie het al wat 'n sangkompetisie waaraan hy deelgeneem het, met lof gewen en selfs op 'n jong ouderdom 'n platekontrak losgesing by Corrie Myburgh.

Hy was nog skaars op hoërskool, toe sing hy al die wêreld aan die brand, tree op by ATKV-oorde en doen voorvertonings vir groot kunstenaars soos Jannie du Toit, Christa Steyn, Rina Hugo, Steve Hofmeyr en vele meer.

Hierdie rekenaarprogrammeerder en pa van vier kinders droom groot!

Behalwe vir sy bediening by die Gereformeerde Kerk in Centurion is hy volstoom op pad om aan Suid-Afrika sy talent te wys. Frikkie is besig om enkelsnit-vir-enkelsnit te wys hy is besig om sy ankers vas te slaan in die Afrikaanse musiekbedryf.

# Geen hek of deur keer fotograwe

VANDERBIJLPARK. - Lede van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging het vir die September-tema 'n keuse van drie gehad, naamlik: vensters, deure en hekke.

Daar is soos gewoonlik foto's uit die boonste rakke gelewer, maar aan die einde van die aand was dit ervare meester-fotograaf, Jan Jacobs se ***On Guard*** wat as die wenfoto in die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër) aangewys is.

In die junior-afdeling (1 - 3 Ster) was Nicholaas Louw die wenner met ***Zyfertontein Tankwa Karoo***.

Jan het ook in die monochroom-afdeling geseëvier met ***Perfect Jump***, terwyl Jaco Kloppers met ***Triumph*** in die junior-afdeling koning gekraai het.

In die visuele-kunskategorie waar foto's baie gemanupileer mag word en fotograwe hul verbeelding vrye teuels gee, het Elsje Vermeulen (4 Sterfotograaf) met ***Notice the little wonders*** in die senior-afdeling gewen, terwyl Dricky Gouws met ***Chantell*** in die junior-afeling die wen verdien het.

In die ope-afdeling waar enige foto ingeskryf mag word, was dit Haig Fourie, 'n ware spesialis in makrofotografie, se ***On Point*** wat as die wenfoto aangewys is in die senior-afdeling.

In die junior-afdeling is Susan Jacobs se uitstekende landskaptoneel, ***Sossus Misty Morning***, as die wenfoto aangewys.

Vir meer inligting oor die klub se bedrywighede en hoe om lid te word, kontak vir Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za.

*** Die klub bied ook aanstaande jaar 'n beginnerskursus aan wat daarop toegespits is om fotograwe te help om hul eie kameras beter te verstaan. Die datums van die kursus is 16 & 17 Februarie en 16 & 17 Maart om 08:30 tot 16:00. Dit sal by die Klipriver Country Estate in Drie Riviere, Vereeniging aangebied word.**

**Die kursusaanbieders is ervare lede van die klub wat oor die nodige kundigheid en kennis beskik. Die koste beloop R2 750 per persoon (alles ingesluit).**

**Kontak gerus vir Henk Scheepers by 072 260 0513 of Johan Brits by 082 718 8394 vir meer inligting of om jou plek te bespreek.**



Die wenfoto van die tema: vensters, deure en hekke behoort aan Jan Jacobs (On Guard).



Nicolaas Louw se "Zyferfontein Tankwa Karoo" het die tema-afdeling in die junior-afdeling gewen.



Jan Jacobs se "Perfect Jump" was die senior-wenfoto in die monochroom-afdeling.



Elsje Vermeulen se "Notice the little wonders" is die wenfoto in die senior-afdeling van die visuele-kuns-kategorie.



Susan Jacobs was die wenner in die junior ope-afdeling met Sossus Misty Morning.



Die senior-wenner in die ope-afdeling: "On Point" deur Haig Fourie.

# Só SMS ons lesers

**Wil jy kommentaar op 'n berig in vandag se uitgawe lewer of het jy iets anders op die hart wat jy met Vaalweekbladlesers wil deel?**
**Stuur dan 'n SMS na 45534. SMS'e kos R1.50 elk. Lasterlike bewerings en SMS'e wat oordrewe kru taal bevat sal nie geplaas word nie. Lesers word versoek om nie hul SMS'e in hoofletters te tik nie.**

* Die berig oor ontploffing by Lethabo-kragstasie verwys. (Vaalweekblad 19 Oktober). Ek het so 'n voorval lankal voorspel want daar word te min onderhoud gedoen. Ek voorspel dat daar nog groter ontploffings met nog meer noodlottige beserings gaan wees. Oudwerknemer

* Die wasgoed en rommel lyk rêrig lelik by die dubbelverdiepingwoning oorkant Pick n Pay in Lochstraat, Meyerton. Rig maar betonmure ook vir karwas op. Onooglik vir ons mooi dorp.

* 'n Vorige SMS verwys: Ek stem saam, katte is *rubbish,* vernaam as hulle jou in die nag wakker maak met aardige geluide en jou duur plantjies uitkrap en 'n hoop bollie agter los. So, weg met katte as die eienaar hulle nie in die erf kan hou nie.

* Nee magtig buurman, jou agterplaas lyk soos 'n varkhok, maak bietjie skoon man. HP Vaalpark.

* Die oom by die kruising van die dood (lewe) doen sy bes, altyd *smiles*. Ons sal altyd by jou Vaalweekblad en Huisgenote koop. Dankie oom Johan.

* Ek sit vandag en dink, wat as daar 'n kykNET radiostasie was?

* Goeiedag! Ek wou 'n *adapter* vir my houtdraaibank laat maak by 'n sekere plek. Na twee weke het ek nog niks gehoor. Ek het persoonlik gaan navraag doen. Ek het die middag 14:00 na P&W Engineering gegaan.
Die volgende oggend bel oom Piet my om te sê die *adapter* is klaar. Ek kon my ore nie glo nie! Dankie oom Piet vir puik en vinnige diens! Dit wil gedoen wees.
Die *adapter* pas perfek. Ek kan hom en sy vriendelike personeel aanbeveel, sulke goeie diens is so skaars deesdae. Ek moes dit net met julle deel. P&W Engineering bo! Martin Naude.

* Die SMS-bladsy was altyd 'n interessante bladsy, ek mis dit nie een week nie. Iewers langs die pad het dit 'n SOEK-bladsy geword. Ek soek dit en ek soek dat... ek weet daar is baie probleme en ellende tussen ons mense, maar ordentlik vra met asseblief en dankie kan soveel vermag.
As iemand sê hy soek iets, stel ek nie eers belang om te help nie, al kan ek, want goeie maniere maak nie dood nie. Ek het altyd vir my kinders gesê, vat 'n flits en begin soek.

* Ek het my hare by die nuwe salon in Boet Krugerstraat, Meyerton oorkant die veearts laat doen, nuwe styl en kleur, voel piekfyn. Opreg dankie aan Maryke en ook vir die heerlike koffie en koek.

* Hallo is daar iemand daar buite wat hierdie persoon kan help opspoor? Hy neem mense se geld, hy is van Bloemfontein, Blue Chip lenings. 072 247 9521. Hy verdwyn met mense se geld. Help asb? Dankie.






* Watter tandarts in die Vaaldriehoek maak ordentlike bekostigbare kunstande? 076 246 7243.

* Ja, ons ouens wat destyds nee gestem het, is verguis en rassiste genoem. Kyk om jou rond, ons het dit sien kom. Willem.

* 'n Vorige SMS verwys: Mdb, ek gee jou drie raaie. Jy bly in Afrika my ou! Willa.

* As jy 'n ware Christen is, moet jy die goed doen: 1. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself - al is dit ook wie! 2. Jy moet dié vergewe wat teen jou gesondig het - anders sal jy nie vergifnis van God kry nie. Is jy 'n ware Christen?

* Licence department, please get a person to do eye test who is qualified. You are wasting our time and money.

* Insleepdiens wat 'n front is vir iets anders, vermoedelik bylae 1 misdrywe. Sit wit ligte op die trokke, in stede van oranje. As hy gekonfronteer word, sê hy hy is nie CPF nie, maar dreig in dieselfde asem met SAPD-kontakte.

* Outydse meubels gesoek om te koop. Enige toestand. 084 342 2419.

* Op soek na ringnekke om te koop. 084 205 5613.

* Ek soek 'n plastiek tenk wat nie lek nie, om onder geut te sit teen redelike prys. 072 190 4219.

* Ons soek 'n man en vrou wat Sassa kry om by ons te bly, het kamer met meubels in. Man moet net werkies om die huis doen en klein iets bydra vir krag. Geen drinkers asseblief, mense oor 40 asseblief? 082 318 7026.

* Indien jy 'n stukkende platskerm TV het wat jy wil weggooi, sal ek hom graag by jou wil kom haal. Ek is besig om myself te leer hoe om dit reg te maak. Ek sal dit opreg waardeer. 082 681 2425.

* Het u ou kar of trok batterye wat u nie meer gebruik nie, sal dit gratis kom optel of aankoop as u nie te duur is nie. Rodney. (016) 455 5474 of 082 425 9955. Baie dankie.

* Ek is op soek na agter ligte van 'n Daewoo Lanoz model 2002, my nommer is 082 047 2767. Dankie. Sal betaal.

* Ek is op soek na besproeiingspype. Al is dit net ses meter lengtes. Dringend asb? 081 681 2941.

* Omtrent 300 dakteëls gratis in Meyerton. 074 223 2181.

**Lesers reageer na die moord op Hansie Botha van Sasolburg verlede week:**

* RIP Hansie en sterkte vir sy familie... 'n eens pragtige dorp langs die Vaalrivier is nou 'n misdaadnes.
Ek was self 'n slagoffer van gewapende huisroof in April by vriende daar.... ek het daar skoolgegaan en altyd mooi memories gehad. My ouers is daar begrawe... nou wil ek nie meer daarheen gaan nie. Die paaie en alles daar val uitmekaar. - Hannetjie S.

* Die dag toe die doodstraf afgeskaf is het satan die volmag gekry: Gaan uit en vermoor onskuldiges, verkrag roof, diefstal. Net jammer daar word niks aan gedoen nie. Sterkte en krag aan die gebroke familie. Tragies! - Bettie Ehlers

* Baie jammer om te hoor. Die indruk wat ek kry is dat daar meer onwettige vuurwapens in die hande van die wetteloses is as in besit van mense wie nog respek vir ander se lewens het. - Tom Prins

* Die misdaad is nou totaal buite beheer, die kriminele is in beheer met die polisie en weermag se vuurwapens. Sasolburg word deur moordenaars en Nigeriese druglords regeer. - Corrie Brand Du Plessis

* Dit maak mens so ongelukkig om dit te lees! Dit nadat daar nou duidelik gese word dat 'n aansoek om 'n vuurwapenlisensie met die motivering dat dit vir selfverdediging is, nie aanvaar word nie! Nou wat nou! - Rene Haasbroek

**Hulp gevra:**

* Vra asb as iemand se hart kan oopgaan? Ek, vrou alleen, benodig ceiling bord, bybehore en verf en hulp met arbeid. Vra asb. hulp. Dankie.
*(Jou kontaknommer ontbreek. Red).*

* Dringend op soek na hulp vir my en my dogtertjie met 'n werk en blyplek, groot asb? Chantel. 079 905 5169.

* Graag wil ek hoor of u my kan help? Ek het my kind so twee maande gelede aan die dood afgegee en het nou 'n geldprobleem. Ek wil hoor of iemand my asb. met R2 000 kan help?
*(Vaalweekblad se opregte simpatie met die dood van jou kind. Ongelukkig ontbreek jou kontaknommer. Red).*

* Hi soek enige ou klere of skoene, of ou meubels asb? 082 640 5402.






# Ontmoet 'n maat!

**Is jy op soek na 'n maat of spesiale vriend of vriendin? Stuur 'n SMS na 45534.**
**Begin jou SMS met MAATS en tik dan na watter soort maat jy soek.**
**Let wel: Maatsoekers se SMS'e word onveranderd gepubliseer om 'n beter indruk van hul skryfvaardigheid en geletterdheidsvlak te gee.**

* Dames van 25-35 wat 'n ordentlike man kan waardeer, rook en hou niks van sterk drank nie. Ek is 38 jaar oud met vaste betreking. Riaan Jonker. 061 471 1367.

* My naam is Ian en is op soek na daardie spesiale iemand om my vreugde, leed en liefde te deel. Ek is 'n saggeaarde, liefdevolle mens met belangstelling in visvang, braai en natuur. My goeie tydverdryf is musiek en ek is 'n alleenloper sonder kinders. Ek rook, maar neem slegs 'n drankie met geleentheid. Komaan dames, ek hoor graag van jul. WhatsApp my by 071 795 9851.

* Emmanuel Enkelloper Christen groep braai 2 x pm op 'n Saterdagmiddag saam. Vrydagaande braai die onder 40 jr Christen singles. 083 511 6197.

* Ek is 'n dame Sophia van 54 jaar oud. Stel belang in mans tussen 55 en 60 jaar. Hy mag rook en drink. Sal graag iemand wil ontmoet wat ook eensaam en alleen is. Kan my WhatsApp of SMS by 060 342 1645. Hoop om van julle te hoor.

* Maat soek 'n maat van af 65 tot 75 jaar, ek is 'n weduwee. 'n Ordentlike wat weet om 'n vrou te behandel. 074 713 7029.

* Ek is op soek na dames wat 'n langtermyn vriendskap wil begin. Ek is 62 jaar oud en stel belang in 'n vriendin wat die waarde van die woord regtig verstaan. Belangstellendes kan my SMS of WhatsApp by 076 275 7695.

* Ek's 'n alleenlopende dame, 68 jaar jonk. Verlang om kennis te maak met 'n mansvriend, tussen 68 tot 70 jaar, wat nie rook of drink en wat alleenlopend is en 'n *gristelike* lewe handhaaf.
Ek's woonagtag in MP. Nie kansvatters nie. My stokperdjies is kamp, toer, naaldwerk, koskook en huisvrou. Ek't ligte hare, 1,48m, klein en fyn gebou. Het geen *afkanklikis* nie. Die wat belangstel kan my kontak by 072 485 6659.

* Ek is Jan, ek soek na goed versorgde dame vriendin, nie rook nie, oorgewig 52 en ek is 56. WhatsApp my by 079 541 5044.

* Ek is 57 jaar, geskei en ek bly alleen in Vanderbijlpark. Ek rook, maar ek drink glad nie. Ek is op soek na 'n dame. Sy moet goed na haarself kan kyk en sy moet lus vir die lewe wees.
Sag geaard wees, sonder 'n bagasie wat 'n mens se lewe kan omkrap. sy kan tussen 40 en 55 jaar wees. Kan nie wag om met julle te gesels nie. 084 704 2076.

# Give a bag full of caring to a woman in need

VANDERBIJLPARK. - The "16 Days of Activism" campaign is an annual, worldwide effort that symbolically joins the International Day for the elimination of violence against Women (on November 25) to Human Rights Day (10 December).

This period is dedicated to raise awareness of, and ending violence against women and children (VAWC).

The Ward 5 Committee in Vanderbijlpark, a number of community organisations and local business owners decided to start a project to put a smile on the faces of women in need and women who have been victims of abuse. This is an a-political project.

It is not a project for particular groupings, but a call for support from the Emfuleni Community, because it deals with our integrity, the respect of women, the dignity of women in our society - also for them to regain their self-confidence.

The organisers of the project aim to collect at least 100 handbags filled with toiletries and other goodies.

These handbags will then be distributed at shelters, old age homes and trauma centres during the last week of November.

"Most women like handbags and I am sure lots of women who read this have at least one or more handbags stacked away in their cupboards they have grown tired of and will never use again.

Remember that bag that you just had to have but later realised is not as pretty as you first thought? Sound familiar? If you are one of those women we call on you to help by simply donating all your unused bags," says Retha Nothnagel, a member of the Ward 5 Committee.

Although optional, the handbags can be filled with toiletries and other goodies that women like. Such handbags can be delivered at the following participating organizations or venues.

* Stonehaven-on-Vaal
* Rotary
* El Paso Spur in the CBD and Silverado Spur in SW5
* Riverview Spar in SE3
* I-Water at the Palms shopping mall and Perfect Centre (Small Pick n Pay)
* Driehoek Church in Stuttaford Street SE2



"Please support us! Your can be assured that your donation will go to a good cause," says Phillip Nothnagel, Chairperson of the Ward 5 Committee. For more information, please call 082 903 7822.



Vernon Muso en Marius de Vos, twee Vaaldriehoekers wat vir die toekennings benoem is.

# Bekendes genomineer vir gesogte Country-toekennings

Die SA Country Music Artist Foundation (SACMA) wil graag erkenning gee aan rolspelers wat 'n besondere bydrae tot die bevordering van Country Musiek in die land maak.

Op 26 Oktober word die eerste Country-musiektoekennings aan opkomende en gevestigde sangers, klankingenieurs, liedjieskrywers en komponiste en videoproduksies, asook die eerste Internasionale Toekenning van S.A. af vir 'n ander land, by Die Arto-teater in Pretoria gegee.

"Dit gaan 'n glansryke geleentheid en die begin van groot dinge vir Country-musiek wees," sê Rick Emdin, 'n bekende radio-aanbieder van die Vaaldriehoek..

Toekennings word ook gemaak aan verkose digitale en gemeenskapsradiostasies wat Country-musiek ondersteun en blootstelling aan plaaslike en nasionale country-kunstenaars gee. Onder die plaaslike individue en instansies wat genomineer is, is Marius de Vos, wat soos Dave Fouché ook 'n radio-aanbieder, gereeld Country-musiek op hul programme speel. Plaaslike kunstenaar Vernon Muso, wat in 2018 by die SACMA Foundation aangesluit het as direkteur vir die ontwikkeling van kunstenaars, is ook vir 'n toekenning genomineer vir sy bydrae tot Country-musiek met die Barnyard in Vereeniging se "Local is Lekka"-projek, asook sy volgehoue ondersteuning van jong kunstenaars en die werf van lede vir die SACMA Foundation.

# Werksoekers-hoek

**Are you jobless? Send an SMS to 45534, type in the word JOB and tell us what kind of job you can do.**

**SMSs will be published unedited, so take care with your spelling to impress potential employers!**

* Capentry. I am Johannes Makhokolo, a qualified capenter with all required tools and equipment and vast experience. I am urgently looking for job 083 965 2509 Reference and example my workmanship and reliability. 082 572 3328.

* 59-jarige Afrikaanse man op soek na werk as aankoper/terreinbestuurder (buyer/site manager). 072 283 6679.

* My name is Johannes, I'm looking for a painting job, I do all kind of painting, industrial and commercial. 076 879 2918.

* My naam is Johan Bosman. Ek het kode 8. Ek kan elektriese werk, fitter en boilermaker, weet van hydraulic en airvalves, huis bedrading, kennis van printing masjiene en welding. Het geen papiere nie. Of as opsigter of stoorman. Is 58 jaar oud en soek asb. dringend werk. 083 489 3458. Vaaldriehoek.

* Looking for job as a gardenboy, stay in or out. I have experience if u are willing. 084 244 6392.

* My naam is Julia ek bly by Sasol, ek soek die werk te skoonmaak of te stryk. 073 134 4151.

* My naam is Jaco ek woon in Vereeniging ek is op soek na werk wat vaste werk is, ek kan as 'n genarl worker werk, kan granding werk doen soek graag engineering werk sal beruit wees om te leer.

Ek het my bassiese rigging gedoen, ek is op soek na iemand wat my kan help om dit kla te maak en ek het my bassiese vorklift ook gedoen, sal enige werk aanvaar waarvoor ek geleer het. Ek doen enige verfwerk, dakke seel, ek rook en drink nie, is hardwerkend. 076 494 2270.

* My naam is Mirriam I am looking for domestic work. 078 398 2228.

* Hy my naam is Justina Tshabalala ek soek olie huis werk kitchen. 078 672 9372.

* Ek was 'n portier gewees vir 7 jaar by 'n private hospitaal. Soek weer werk as portier by 'n privaat hospitaal, of bode in hospitaal. Aflewering kode 8, of opsigter by 'n kerk of ouetehuis.

Ek's 46 jaar oud. Blanke man. Sal uitslaap as dit of verhuis. Vaaldriehoek of buite? Dankie Reinhardt. 079 776 8159. WhatsApp 073 057 1297. Of werk by 'n landbou kooperasie? Geen matriek. Maar ek kan werk.

* My name is Patricia Molapisane. Adres is 518 Nkadimengstraat, Bophelong. 062 542 0434 I'm looking for a job pls help me.

* My name is Miriam I am looking for office cleaner or domestic work Monday to Friday. Ref is available if needed. 078 398 2228.

* Ek wil graag hoor of daar lorrie companies is wat mense oplei en om ondervinding te kry op die lorries om drywers te word, laat weet my asb? Sarel. 064 667 9476.

* 'n Opgeleide Afrikaanse bouer gesoek, minimum 5 jaar ondervinding, moet kennis hê van die installering van plafonne, alle rhinolite afwerking 4 ster. 082 681 2941.

* My name is Julia I want a job, I want domestic work from Monday until Friday, sleep in. 076 226 1795.

* My name is Ben kharudi Im looking for job as drivings,and I have code10 pdp. 071 751 6485 or 063 422 1530.

* Hy I'm Daniel looking for job lake painting Nd ceiling. 071 750 3974.

* Hi my naam is Selina op soek na domestic werk vir 4 days in Vanderbilpark of Vereeniging, ek is 45 yrs old betroubaar. 083 743 1888.

* Naam is Agnes Molefe, ek soek huiswerk. 062 070 4955.

* Soek werk om voertuie van aankope en verkope te verskuif. 082 807 3668.

* My naam is Sarah ek vra asb. twee dag se werk. 063 411 9529.

* My name is Paulina Mashinini. I am looking for domestic work or cleaning job. 073 890 8043.

* I am looking for genenel job cleaning, garding, security or any job. 063 337 0371.

* Anna, I am looking for a job Ive got construction n projects company, am doing cleaning service, roofing, panting, tilling, also doing home nursing my numbers 071 068 2374.

* My name is Julia, I am looking any job for domestic or general worker. 073 644 8897.

* I ask the domestic work, I am 38 years old, I am standerd the job. I live in Sasolburg, my address is 287 Sommersport Zamdela 1949, my name is Suzan. 073 474 4017.

* My name is Jeannet I'm looking for a job a domestic work for 2days or more. 064 087 5046.

* I am David Nkomo staying at Bophelong Vanderbylpark, looking for code 8 driving around Vaal and Johannesburg and supervise, I am good at that. 073 669 0137 age 56.

* Ek ry tuinvullis, meubels en maak garages skoon met bakkie vir ekstra inkomste, is pensioenaris. 082 292 8120. Dawid.

* Soek u iemand om na u ouers om te sien van Maan - Vry, nie inbly of bedlêend nie. VDB., sal sorg vir etes. Ek rook, drink nie. 071 397 5225.

* My name is Daniel, looking for a job like painting and ceilings. 071 750 3974.

SMS jou mening na 45534 en vertel ons hoe jy voel. SMS'e kos R1.50. Menings word sover moontlik onveranderd gepubliseer mits dit nie lasterlik is of uitermate kru taal bevat nie. Jy kan jou naam of skuilnaam byvoeg.



Traditional Healers

THEY TURNED MY LIFE OF HARDSHIP INTO SUCCESS

My name is Tshepiso from Meyerton, I want to thank **MAMA MITCHELLE** because the money magic wallet & magic ring she gave me changed my life. I got R5,8 million & paid all my debts, bought a house & car.





My name is Matela I had worked for 25 years, but was showing nothing. I visited **DR CEDRIC** & everthing changed. He gave me the winning lotto spells that made me win the Wednesday lotto of R12m. Thank you **DR CEDRIC**

I am Grace, my husband had started cheating & I decided to vist **DR CEDRIC** he made a love spell & that changed my husband. I'm happy in my marriage because he is treating me nice.





I'm Mabena from Sasolburg for over 7 years I had a manhood problem but **MAMA MITCHELLE** helped me & my wife is happy with me. We are expecting twins. Thanks MAMA.

THEY ALSO HELP PEOPLE WITH

***Financial Problems *Love Relationships *Work Crisis**
***Family Problems *Health Problems *Unfinished Jobs**

**DR CEDRIC 063 295 9390 & MAMA MITCHELLE 063 818 6400**

Vaal Careers WEEKBLAD

CASHIER / GENERAL ASSISTANT WANTED

* Ages 25 – 40
* Must be able to speak English and Afrikaans fluently
* Must be able to work week-ends and public holidays
* People skills are of the utmost importance
* Must be able to work well with others
* All references will be followed up
* Trial contract for 3 months period only
* All CV's must be accompanied by a copy of ID document
* Non smoker

**Please send CV (not more than 2 pages) to the following email: chantelcvs016@gmail.com on or before 31 October 2018**

VV1735

**ADMIN** Posisie beskikbaar **BAIE STERK** admin. Geen kansvatters. Pastel & Office vereiste. **R6 000 per maand** Bring CV's in na 127 Piet Retief Boulevard, SE 1, Vanderbijlpark. Slegs CV's wat ingebring word word aanvaar. Geen e-posse nie, geen oproepe nie

VV1738

**Slater Health Club Sw5 016 9323337**

Wanted a

**QUALIFIED MALE GYM INSTRUCTOR**

*Basic + commission

* must live in Vanderbijlpark.

*Own transport essential

Email:

**rockyslater1@telkomsa.net**

VV1734




CONTACT ANNE-MARIÉ PIENAAR (016) 950-7020

TO ADVERTISE VACANCIES

BETREKKINGS


# KENNISGEWINGS

IN die boedel van wyle
**CATHARINA JACOBA CONRADIE**
gebore **10/02/1936**
identiteitsnommer 3602100002088
van **ONS GRYSE JEUG TE HUIS VIR BEJAARDES, SASOLBURG**
Boedelnr. **2287/2018**
Datum van afsterwe **18/02/2018**
Kennis geskied hiermee dat die **EERSTE EN FINALE** likwidasie- en distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae sal lê ten kantore van die Meester van die Hooggeregshof, **BLOEMFONTEIN**, en van die landdros, **SASOLBURG,** vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf **26 Oktober 2018.**

Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent
**PETRUS JOHANNES CONRADIE & CATHARINA JACOBA WELDHAGEN**
**C/O AV Theron & Swanepoel Inc**
**NJ VAN DER MERWE SINGEL 13, SASOLBURG, 1947**
Tel: **(016) 976 0506**
Ons verwysing: **LL/MVS/MAT30265**
F787

IN die boedel van wyle
**SUSANNA MARIA PIENAAR**
gebore **8/08/1952**
identiteitsnommer **5208080071081**
van **17 LETHABO STRAAT, VAALPARK, SASOLBURG, 1947**
Boedelnr. **7871/2018**
Datum van afsterwe **3/09/2018**
Krediteure en debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **26 Oktober 2018.**

Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent **LOANNé LOOTS**
**C/O AV Theron & Swanepoel Inc**
**NJ VAN DER MERWE SINGEL 13, SASOLBURG, 1947**
Tel: **(016)976 0506**
Ons verwysing: **LL/MVS/MAT32788**
F789

IN die boedel van wyle
**JOHN HENRY SMITH POTGIETER**
gebore **8/08/1943**
identiteitsnommer **4308085050089**
en nagelate eggenoot/eggenote
**HELENA ELIZABETH POTGIETER**
van **185 VAALVIEW, VANDERBILPARK,1911**
Boedelnr. **26391/2013**
Datum van afsterwe **6/07/2013**
Krediteure en debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul skulde te betaal en hul eise in te dien by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **26 Oktober 2018.**

Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent **LOANNé LOOTS**
**C/O AV Theron & Swanepoel Inc**
**NJ VAN DER MERWE SINGEL 13, SASOLBURG, 1947**
Tel: **(016) 976 0506**
Ons verwysing: **LL/MVS/MAT23021**
F788

IN die boedel van wyle
**JAN WLODZIMIERZ CHMELA**
gebore **18/06/1946**
identiteitsnommer **4606185143088**
en nagelate eggenoot/eggenote **MARIA CHMELA**
van **34 KARAS LAAN, VAALPARK, SASOLBURG**
Boedelnr. **7599/2018**
Datum van afsterwe **25/07/2018**
Krediteure en debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul skulde te betaal en hul eise in te dien by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **26 Oktober 2018.**

Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent **MARIA CHMELA**
**C/O AV Theron & Swanepoel Inc**
**NJ VAN DER MERWE SINGEL 13, SASOLBURG, 1947**
Tel:**(016) 976 0506**
Ons verwysing: **LL/MVS/MAT32244**
F790

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING EMFULENI**
**PLAASLIKE MUNISIPALITEIT: VERDELING VAN GROND**

Die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit gee hiermee ingevolge artikel 6(8)(a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat dit 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Waarnemende Bestuurder Grondsake, 1ste vloer, Ou Trust Bank Gebou, H/c Eric Louw- & Pres Kruger Strate, Vanderbijlpark.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of vertoë skriftelik en in tweevoud by die Adjunk Munisipale Bestuurder: Ekonomiese & Ontwikkelingsbeplanning (Grondgebruik), by bovermelde adres of Posbus 3, Vanderbijlpark 1900, te enige tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing indien.

Datum van eerste publikasie: **24 OKTOBER 2018**

Beskrywing van grond, getal en oppervlakte van voorgestelde gedeelte: **HOEWE 37 WATERDAL LANDBOUHOEWES**

POSBUS 3, VANDERBIJLPARK, 1900 F783

**Vanderbijlpark CE 5, Erf 122 Notice**
**Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987**

Ooreenkomstig klousue 12 van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, saamgelees met Artikel (2) en die toepaslike bepalings van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (We 16 van 2013) word dit bekend gemaakdat:Queen Lebogang Makhado (die eienaars) ingevolge klousules 12 en 19 van bogenoemde skema van voornemens is om by die Emfuleni Munisipale Raad aansoek te doen om die Rad se toestemming tot die oprigting en ge-bruik van geboue op die ondergemelde grand en/of om die ondergemelde grand naamlik: ERF: 122 Gebled: Vanderbijlpark CE 5 Straat adres: Robert Broom straat no. 37, Vanderbijlpark CE 5 Te gebruik vir: Die eienaars is van voorneme om die erf te gebruik vir doeleinders van 'n gastehuis gebruike wat daarmee gepaard gaan. Besonderhede van die aansoek sai voor of op die dag van 24 Oktober 2018 by die Munisipale Bestuurder van die Emfuleni Munisipale Raad ingedien word en mag daarna by die kantoor van die Bestuurer Grindgebruik, kamer 202, EDP gebu, hoek van Eric Lauw en Presdient Krugerstate, Vanderbijlpark, gedurende normale kantoorure geinspekter word, Iedereen wat enige beswaar het teen voorgestelde geboue en/of teen die voorgestelde gebruik van die grand, moet sodanige beswaar skriftelik indien by die Munisipale Bestuurder, posbus 3, Vanderbijlpark, 1900 of faks na (016) 950-5533 en by die ondergemelde adres, binne ag ten twintig (28) dae na die gemelde datum: 24 Oktober 2018 Adres & kontaknommer van eienaar/Konsultant: David Banza Creative-Architectural Studio en Streekbeplanners 23 Andrew Young Street South East no 6, Vanderbijlpark, 1911, Tel: (082) 341 7936
F798

**J187 ESTATE- WILLSON**
**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of Section 35 (5) of Act 66 of 1965 notice is hereby given that copies of the Liquidation and Distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for inspection of all persons interested therein for a period of 21 days, (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts

Estate number: **24813/2015** Province: **Gauteng**
SURNAME: **WILLSON**
FIRST NAMES: **ROY ROWLAND**
IDENTITY NUMBER: **5105085094086**
LAST ADRESS: **417JAN GROENTJIE ROAD, WITKOP**
Magistrate's office: **MEYERTON**
Master's Office: **SOUTH GAUTENG (JOHANNESBURG**)
ADVERTISER NAME: **McLoughlin PORTER INC**.
Advertiser Address: **3rd Floor Mutual Building 9 Kruger Avenue Vereeniging, 1939**
Advertiser Email: **brenda@mcpinc.co.za**
Date submitted: **2018/10/12** Advertiser Telephone: **016 4211513**
Government Gazette on: **2018/10/26**
F786

**J187 ESTATE- VAN WYK**
**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of Section 35 (5) of Act 66 of 1965 notice is hereby given that copies of the Liquidation and Distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for inspection of all persons interested therein for a period of 21 days, (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts

Estate number: **10185/2017**
Province: **Gauteng**
SURNAME: **VAN WYK**
FIRST NAMES: **ISABELLA ELIZABETH**
IDENTITY NUMBER: **2505180010080**
LAST ADDRESS: **11 JAPIE KRIGE STREET UNITAS PARK VEREENIGING 1939**
Magistrate's office: **VEREENIGING**
Master's Office: **SOUTH GAUTENG (JOHANNESBURG)**
